Sphedamnocarpus pruriens (sinoniem: Acridocarpus pruriens)

E: Canary nettle, Lesser Moth-fruit creeper

Hierdie gesig is ‘n natuurlike gemoeds-opkikker, want die helder geel blommebos laat ‘n mens se hart sommer vinniger klop van verrassende blydskap. Aangesien dit, afhangende van die reën, eerder ‘n laat somerblommer is, verras die helder geel nou in laat April (blomtyd vanaf Januarie tot in Mei)! Eintlik KEN ons hierdie gesig, maar van ‘n **ander plant**, nl. die lenteblommer-struik

↙Rhigosum brevispinosum oftewel geelkortdoring, wat net na die **eerste** reën blom . Ook hierdie plant het die uitwerking van onverwagte vreugde en hoop tot gevolg….’n gemoeds-opkikker.

Sphedamnocarpus pruriens is nie so baie bekend nie, ek kry slegs Engelse en Sentraal-Afrika-volksname. En tog word dit in Europa in kwekerye as sierrankplant aangebied! Ek kry ongelukkig ook nie inligting oor algemene en/medisinale gebruike nie en kan dus slegs meedeel wat ek gesien en ervaar het.

Die plant is ‘n rankplant, ‘n sterk groeier wat op plekke by die grond uitkom (soms meer as een stingel langsmekaar) en groei in blykbaar enige rigting in, vertak en groei, vertak en groei. As die groeipunt ‘n struik/bos/boom vind, klim dit daarin op; so nie, groei dit sommer grondlangs (pasop,voetstrikke!!).

Die blare groei in pare wat teenoorgesteld sit, twee pare nogal ver vanmekaar. Dis nie ‘n plant met baie loof nie, MAAR die blare laat weet jou, hulle is daar! Sy silwergrys onderkant is bedek met ‘n haarpelsie wat jou vel vreeslik laat juk, as jy daaraan raak. As gevolg van die haarbedekking is hulle kleur dof groen, dus onopvallend.



Wat wel die oog vang, is die pragtige vruggies in wintertyd. Hulle is gevleuelde konstruksies (altyd drie of twee saadjies aanmekaargeheg met die dun vleuels wat wegstaan). Teen die sonlig lyk hulle besonder mooi.

Ek is elkekeer weer verbaas en verras, as ek in die veld so ‘n skouspelagtige plant ontdek, wat ek nog nooit vantevore gesien het nie, dit is altyd ‘n groot vreugde!

In die Subsaharalande noord van Namibië kom ook nog ‘n soortgelyke *Sphedamnocarpus voor, nl. S,angolensis* wat amper so lyk, maar die blare verskil. Volgens inligting uit die internet, het die naam *Sphedamnocarpus pruriens* nog sinonieme, maar ek vermoed, dat daar nog nie heeltemal duidelikheid oor al die soorte heers nie, inligtingsbronne weerspreek mekaar.

Inligtingsbronne:
https:/www.zimbabweflora.co.zw/speciesdata/species.php?species_id=133640
Teks en fotos: Anka Eichhoff 25 April 2018